As ons gemeentes wil opbou, moet ons anders lei

MALAN NEL

Prof Malan Nel is 'n gewilde skrywer en
is die hoof van die Sentrum vir Kontekstuele Bediening
van die Universiteit van Pretoria.

Om die gemeente anders te verstaan

In die VSA word soms na wat ons gemeentebou noem, verwys as "returning the ministry to the people". Tegelyk hiermee is ook 'n ander proses aan die gang: om die missie van God aan die gemeente terug te gee. In 'n sekere sin is dit dieselfde saak. Die gemeente herontdek dat die bediening aan hulle gegee is en dat hulle (die gemeente) deur God aan die wêreld gegee is. Ons bediening as gemeente in die wêreld is 'n herontdekking van hoe God in en deur ons besig is om sy wêreld heel te maak. So 'n verstaan van die gemeente maak die gemeente tegelyk relatief en onmisbaar belangrik. My bedoeling in hierdie kort refleksie is om enkele van die implikasies hiervan vir leierskap in die gemeente te bespreek.

Bedieningsidentiteit

Gemeenteleiers moet eerstens hul "diens"-identiteit herontdek. 'n Mens sou dit ook ons bedieningsidentiteit noem. Binne hierdie beskouing van leierskap speel die "ter wille van" 'n belangrike rol. Juis dít maak hierdie eienskap van leierskap moeilik en tegelyk Christelik. Dit gryp terug op ons verstaan van die geskapenheid van mense: ter wille van die Skepper en sy skepping. Dit gryp ook terug op ons verstaan van ons nuwe skeppingsmatigheid (vgl 1 Kor 5:11-17): ons leef nie vir onsself nie en ons sterf nie vir onsself nie.

In leierskap is daar altyd die bewussyn van iets/iemand groter as ekself. Die groter grootheid is nie maar net die gemeente ter wille van wie "ek" dien nie, maar die groter grootheid van die Skepper wat herskeppend (heelmakend) met die wêreld besig was en is – die Koninkryk wat gekom het en komend is. Hierdie dimensie beteken onder andere dat ons verstaan dat die gemeente nie op die "kerk se werf" besig gehou behoort of hoef te word nie. Op die kerkwerf geniet ons mekaar en word ons opgelei om op die werf van die wêreld gemeente van Jesus Christus te wees. Die toets vir bedieningsverstaan is wat Maandag tot Saterdag, weg van die gemeentesentrum, gebeur.

Bly wie en wat ons is sonder om te bly soos ons is

Tweedens vra dit na 'n reformatoriese verstaan van die kerk as kerk. Reformasie is tegelyk om te word wie en wat ons reeds is en om te bly wie en wat ons is, naamlik "gemeente van Christus". Dit is hierdie "bly wie en wat ons is" wat in die verband van hierdie artikel belangrik is.

Reformasie beteken waarskynlik selde dat ons bly soos ons is. Ons sal moet verander om te bly wie en wat ons is (gemeente van Christus). In Suid-Afrika is dit nie maklik om weer kerk te word nie. Ons staan in die vlakskadu van 'n tyd toe die gemeente vir mense baie dinge was, alles behalwe "gemeente van Christus": kultuurklub, gesagsinstituut, handhawer van tradisionele waardes (hoe mooi die ook al was en is), legitimeerder van landsbeleid ensovoorts. Ons is almal daardeur geraak en, wie ouer is, was almal op die een of ander wyse daarby betrokke.

Reformatoriese wording behels hier hervorming tot wie en wat ons eintlik is. Om dit terug te kry, blyk duurder te wees as wat ons dink. Ons moet dit doen terwyl ander die geleentheid aangryp om ons op ander maniere van kerk-wees af te kry deur byvoorbeeld 'n klub vir bevoorregtes te word (die sogenaamde "prosperity Christianity"), 'n klub vir fisiese genesing ("the healing approach") en 'n klub vir begaafdes (die charismatiese benadering). Leiers staan voor die uitdaging om hul eie wese weer te vind binne die Christelike reformatoriese wese van die gemeente as gemeente van Jesus Christus.

Op 'n ander manier belangrik en onmisbaar

Derdens lyk dit my vra dit na 'n Bybelse verstaan van ons belangrikheid binne die bogenoemde verstaan van die gemeente as bedienaars van die genade van God in die wêreld. Elkeen wat gegryp is deur die groter werklikheid en plan van God vir die gemeente, weet sy/haar rol het verander. Belangrikheid lê nie meer in die prima donna-rolvervulling nie. "Ek" is nie meer die hoofrolspeler nie.

Wat is die leier dan? Die leier is self 'n gawe van God om vir diens op te lei. Die eintlike rolspelers "sit" in die aula. Die "spotlight" swaai van die verhoog na die "gehoor". Die leier word opleier, afrigter en regisseur van 'n span wat deur God gekies is en met gawes geseën is. Die leier word die "quarterback coach" – om 'n uitdrukking uit Amerikaanse voetbal te gebruik.

Die beteken beslis nie dat leiers onbelangrik word nie. Hulle is op 'n ander manier belangrik – onmisbaar belangrik. Dit is wel waar dat gemeentes wat nog nie missionêr dink nie, dit moeilik verstaan en selfs glad nie aanvaar nie. Ons kan egter nie meer omdraai nie. Die motivering om in God se plan in te pas en die gemeente daartoe te begelei, is te sterk. Die wil van God "verplig" ons ook hier tot 'n nuwe gehoorsaamheid. Geen gemeente kan dit bekostig om buite God se wil te leef nie. Dit sou 'n werkbare definisie vir gemeente-wees kan word: mense wat God se wil soek en dit in die samelewing doen.

Wie sien kans?

Ek wil vierdens vra of daar leiers is wat kans sien vir hierdie langtermyn motivering en begeleiding van tradisionele gemeentes tot missionêre gemeentes? Dit lyk vir my na een van die belangrikste gevolge van gemeentebou vir leierskap: hoe lank is jou asem? Wie is ek: 'n maraton atleet of 'n naelloper? Ek sou dit ook meer "teologies" kon verwoord: hoe lief het jy die denominasie waarin jy gemeente bou? Hoe belangrik is dit vir my om die gemeente waar ek dien, te sien groei tot die gemeente wat God bedoel het hulle moet wees en wat hulle reeds in Christus is? Ek sou dit ook vromer Bybels kon stel: Glo ek? Hoop ek? Het ek lief genoeg om moed te hou? Maak ek erns met God se drie langasem gawes?

> Die groter prentjie en werklikheid help ons. Die "ter wille van" maak dit nie net moontlik nie, maar ook die moeite werd. Om te sien hoe één lidmaat mens van God word, 'n mens wat deur God gebruik word in die koms van die Koninkryk, is die moeite werd. Meer nog, om een mens in die samelewing te sien heel word omdat daar 'n gemeente in die samelewing is, is "worth living for".